4. Bedienaars van die Woord

4.1 Beroeping – prosedures (KO artt 4, 5, 10)

Die Kerkraad/gemeente beroep ‘n predikant/proponent om in diens van die Here in die plaaslike kerk te staan (Dr. Jan Visser, Die Kerkorde in Praktyk:14-38).

Wanneer predikante na ‘n volgende gemeente beroep word, tree kerkrade tot ‘n groot mate belangeloos op. “Dominee, ons sal graag wil hê dat jy moet bly, maar jy moet besluit”, is die meer algemene reaksie vanuit Kerkraadsgeledere. Hierin vergeet dominee en Kerkraad KO, art 10.

Voordat ‘n dominee ‘n beroep opvolg (d.w.s. sy besluit neem) moet die Kerkraad van die gemeente waar dominee tans is, die beroep bewillig en die Klassis moet dit goedkeur. Die Kerkraad moet dus gaan sit en die bedieningsopset en –nood in die gemeente analiseer en beoordeel om aan dominee duidelike rigting te gee of hy moet bly en of hulle sy beroep sal bewillig. So belangrik soos die besluit vir dominee is, so belangrik moet die besluit vir die Kerkraad wees.

Die Klassis het ook ‘n verantwoordelikheid. Dominee is bedienaar in die koninkryk van God. En kerke is daar ter wille van die koninkryk. Daarom moet die Klassis (en dit kan in praktyk gereël word dat dit twee naburige kerke is) die groter bedieningsopset en –nood verreken alvorens toestemming gegee word.

Dat twee naburige kerkrade by die dominee se losmaking teenwoordig is (waartydens eintlik net nagegaan word of al die papierwerk in orde is), is nie beantwoording aan KO, art 10 nie. Die bedoeling is dat bediening van die Woord kan voortgaan en groei.

Wanneer ‘n predikant ‘n beroep nie opvolg nie, behoort die Kerkraad wat hom beroep het, op behoorlike wyse hom van die roeping te onthef.

4.2 Advies deur konsulent tydens beroeping

Die konsulent is ‘n predikant wat deur die Klassis aangewys word om as voorsitter op te tree wanneer ‘n gemeente vakant is. Die konsulent is geen “lid” van die Kerkraadsvergadering waar hy as voorsitter waarneem nie; hy het dus vanselfsprekend ook geen stemreg nie, en word ook nie by die kworum gereken nie.

Die Klassis of aangewese konsulent gee dus advies by beroeping. Daar moet o.a. toegesien word dat die beroep uitgebring word volgens die goeie orde en “met onderhouding van die ... algemene ordinansies vir die beroepbaarheid van diegene wat buite die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedien het...” (KO, art 5).

As voorbeelde van moontlike advies, kan die volgende genoem word:

- advies dat ‘n sekere persoon wat genomineer is, nie beroepbaar is nie (bv. ‘n voormalige predikant, ‘n predikant wat weens swak gesondheid geëmeriteer het; ‘n kandidaat wat nog nie die eksamen tot beroepbaarstelling suksesvol afgelê het nie; ‘n predikant buite die verband van die GKSA; ‘n predikant wat om een of ander rede nie geskik sal wees vir daardie betrokke gemeente nie; ‘n predikant wat nog nie ‘n volle jaar in die gemeente is waar hy op daardie tydstip dien nie, ens.);
- advies vir die korrekte opstelling en ondertekening van die beroepsbrief sowel as die begeleidende brief, waarin die verskillende fasette van die versorging uiteengesit word.
- advies met betrekking tot die prosedure by beroeping.

4.3 Beroepsbriewe en bylaes

Die beroepsbrief lui: "...om deur leer en voorbeeld, bestuur en opsig, alles te doen wat 'n herder en leraar betaam, ooreenkomstig Gods heilige Woord en die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke wat daarop gegrond is; in besonder deur die verkondiging van die evangelie en die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal op die tye in die gemeente vasgestel; deur besoek van die gemeentelede aan hulle huise en deur onderwysing van die Bybelse en kerkgeskiedenis en van die geloofsleer van die Gereformeerde godsdiens in katkisasie wat die hele jaar deur weekliks gehou moet word."

As ons dus werklik 'n posbeskrywing wil gee van die werk van die predikant, word dit in een sin saamgevat: Dat hy alles moet doen in belang van die diens van die Woord en die uitbreiding van die Koninkryk. Dit is inderdaad 'n voltydse en 'n lewenslange taak.

4.3.1 Daar is standaard Sinode-goedgekeurde beroepsbriewe en kerkrade moet asseblief nie daarvan afwyk nie. Proformas/Konsepvorms kan by die Administratiewe Buro gekry word (Handelinge 1985:557-559). 'n Beroepsbrief is 'n kerkregtelike kontrak tussen die Kerkraad en die predikant wat wettig beroep en bevestig is in die gemeente (KO, artt 4, 5, 10 en 11).

In die lig van die Skrif, Belydenis en Kerkorde is die doel van die beroepsbrief om 'n predikant op ordelike wyse in kennis te stel van 'n roeping deur die Here wat op hom uitgebring is (Prof. J Smit, In die Skriflig:571, Vol.41, No. 4, Desember 2007). Die beroepsbrief is slegs die praktiese uitvoering van die beginsel wat in KO, art 11 gestel word.

Die beroepsbrief behoort nie as 'n kontraktuele ooreenkoms tussen die Kerkraad en die predikant beskou te word nie. Die beroepsbrief funksioneer binne die konteks van die interne verbandsreg van die kerk, of te wel die eiesoortige wyse van die kerk se regering as 'n mededeling van 'n gemeente aan 'n predikant dat hy wettig deur die gemeente as bedienaar van die Woord beroep is. Die doel van die Kerkorde is nie om 'n kontraktuele werksverhouding tussen 'n Kerkraad en 'n predikant te skep nie, maar om in 'n gemeenskap (die kerk) wat by wyse van roeping vergadering word, die besondere roeping van 'n predikante te reël. Die doel van die kerkordelike bepalings en die beroepsbrief met betrekking tot die reëling van die predikant se diens is derhalwe om prakties uitvoering te gee aan 'n godsdienstige of geloofsverbintenis wat by wyse van die bevestiging in die diens tot stand kom, soos dit deur die Skrif aangedui en in die Belydenis verwoord word.

4.3.2 Bylae tot die beroepsbrief

In die bylaag tot 'n beroepsbrief kom die Kerkraad met die beroepe dominee/proponent ooreen om hom in liefde eervol te versorg. Dis weereens NIE 'n dienskontrak wat onderteken hoef te word tussen beide partye NIE. In die bylaag moet die volgende duidelik uiteengesit word:

1. Kontant-traktement.
2. Vakansietoelae/13de tjek.
3. Reistoelaag.
4. Die Kerkraad en die dominee se verpligtinge t.o.v. die GKSA Predikante Pensioenfonds.
5. Mediese versorging.
6. Verlof.
7. Huisvesting.

Bogenoemde is onderworpe aan belasting, wat so belastingvriendelik moontlik met die predikant/proponent ooreengekom word.

8. Bedryfskostes soos: water, elektrisiteit van die pastorie, telefoon, selfoontoelaag, versorging van die pastorie se tuin, rekenaartoelaag, is volgens advies vanuit die praktyk vir die rekening van die Kerkraad en word nie op die IRP5 van 'n predikant aangedui nie. Motivering: In verskillende beroepe maak maatskappye voorsiening vir sekere toerusting vir hulle werknemers om hulle take uit te voer. Hierdie toerusting is dan vir die bedryfsrekening van die maatskappy en word nie as 'n byvoordeel vir die werknemer bereken nie.

4.3.3 Kombinasies en beroeping
Reeds in hoofstuk 3, by 3.3.1 bespreek.

4.3.4 Bedieningsooreenkomste en beroeping
Reeds in hoofstuk 3, by 3.3.2 bespreek.

4.4 Traktering

4.4.1 Beginsel van traktering KO, art 11
Die Kerkraad wat die kerk verteenwoordig, is verplig om sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en mag hulle nie die onderhoud weerhou of hulle uit hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die Klassis met advies van die deputate van die Streeksinode nie.

4.4.1.1 Salaris teenoor traktement (versorging)
'n Salaris word gekry wanneer arbeid of kundigheid verkoop en dus betaal word (na dienste gelewer). 'n Traktement is egter anders: jy word vooruit versorg sodat jy jou dienswerk kan verrig. Met skale werk dit weer so dat dit nie versorging is nie, maar die verkoop van arbeid op 'n sekere ouderdomsvlak. 'n Predikant word beroep en die gemeente probeer om 'n bepaling te maak op watter vlak hy versorg gaan word. Die beroepsbrief is eintlik 'n aanbod wat tesame met die roeping om in die gemeente te dien, oorweeg moet word. Die riglyne hieronder kan as leidraad dien. 'n Predikant se traktement wat in 'n nuwe gemeente bevestig word, begin van die eerste van die maand. 'n Traktement aan 'n proponent op die dag van beroepsaanvaarding, word vooruit gegee/betaal. Die Kerkraad maak realisties voorsiening vir die hervestigingskoste van 'n proponent (verhuising asook wat nodig is om sy nuwe woning te betrek, bv. gordyne).

4.4.1.2 Vertrekpunt: geen ouderdomsverskille
4 Fases van 10 jaar elk in die bediening.
10 jaar – Om huis op te sit, te trou, kinders te kry en studieskuld te betaal.
11-20 jaar – Kinders moet skool toe gaan en vestiging in die omgewing.
21-30 jaar – Kinders gaan universiteit toe.
31-40 jaar – Maak gereed vir emeritering.

4.4.1.3 Kerk se roeping/Kerkraad se taak
Om die Woord in die gemeente en in die gemeenskap te bedien – Kyk KO, artt 16 en 23. Om hierdie taak te verrig stel die Kerkraad 'n begroting op met verskeie komponente o.a.:
Om die bedienaar te versorg dat hy die Woord kan bedien.
Om 'n infrastruktuur te skep sodat hy die Woord kan bedien.
Om hulpmiddels te verskaf sodat hy die Woord kan bedien.

4.4.1.4 Om die bedienaar te versorg dat hy die Woord sorgvry kan bedien
Die volgende moet ingesluit wees, sodat die bedienaar op bg. wyse versorg word: kontanttraktement (dit is leefgeld/huis-toe-vat geld), mediese ledegeld en buitengewone uitgawes, pensioen (20%, of 7.5% +12.5% van kontanttraktement), MVB (mediese voorafbefondsing) en Werkloosheidsversekering.

4.4.1.5 Om 'n infrastruktuur te skep sodat hy die Woord kan bedien
Vir die Kerkraad se rekening. Dit word nie in berekening gebring as 'n normale byvoordeel nie, behalwe die toepaslike belasting vir gratis/goedkoop huisvesting. In

die geval van ‘n eie woning oorweeg die Kerkraad die opsie wat die beste belastingvoordeel kan inhou.

Die volgende moet ingesluit wees sodat die dienaar hierdie infrastruktuur kan hê: gedienste huisvesting (gratis pastorie/eie woning – huissubsidie), ‘n gasvryheidstoelaag, eiendomsbelasting (indien van toepassing), water en ligte, tuinversorging en ‘n huishulp.

4.4.1.6 Om hulpmiddels te verskaf sodat hy die Woord kan bedien

Hulpmiddels (bv. Rekenaar, internetverbinding, programmatuur, telefoon, selfoon, boeke) kan die Kerkraad vir sy bedryfsrekening neem.

Vervoer: sekere belastingvereistes is van toepassing op ‘n reis-/vervoertoelaag, maar kan met behoorlike rekordhouding (logboek) deur die predikant ten volle geëis word met die indiening van sy belastingopgawe. In die geval van ‘n sogenaamde gemeentevoertuig, besluit die Kerkraad op ‘n opsie wat wettig is en die beste belastingvoordeel vir die predikant inhou. Vervoer is in praktyk ‘n uitgawe vir die predikant om sy werk te kan doen. In die konteks van belastingwetgewing word dit as ‘n deel van inkomste beskou.

4.4.2 Samestelling van versorgingspakket

a) Kontanttraktement (huis-toe-vat-geld).
b) Pensioenbydrae.
c) Mediese bydrae.

4.4.3 Bepaling van PGT (Pensioengewende traktement)

Sinode 2006 het aan deputate opdrag gegee om ‘n riglyn aan te dui as basisbedrag wat gebruik kan word vir bepaling vir eervolle versorging by emeritering van ‘n gesin. Die riglyn bedrag is vir 2006 vasgestel op R15 000 per maand. (Dit moet oorweeg word om die bedrag jaarliks met minstens die inflasiekoers aan te pas.)

Die nuwe emeritaatsvoorsiening (Pensioenfonds) werk so dat huidige en toekomstige vergoeding van jonger predikante minstens ook moet kan voldoen aan die bogenoemde bedrag of ‘n bedrag met soortgelyke koopkrag by emeritaat.

Om die bogenoemde doelwit te bereik, moet daar ‘n PGT gestel word om genoegsame voorsiening te maak by emeritaat. Op die PGT wat gestel word, moet die predikant nou maandeliks 7.5% pensioen bydra en die gemeente 12.5%. Die predikant kan, indien hy so sou verkies selfs addisioneel bydra om sodoende sy traktering by emeritaat of voorsiening by afsterwe of ongeskiktheid te versterk.

NB: Indien die PGT te laag is, gaan daar nie genoegsaam voorsiening wees vir die predikant en sy afhanklikes om behoorlik versorg te word by emeritaat, dood of ongeskiktheid nie. Omdat die versorging van die predikant lewenslank die verantwoordelikheid van die gemeente bly, moet die Kerkraad nie toelaat dat hier ‘n toekomstige las op die gemeente geplaas word, deur die PGT te laag te stel nie. As nou te min voorsien word (die PGT te laag maak) moet die toekomstige te kort wat die predikant sal ervaar by emeritaat self uit die gemeentefonds aangevul word.

Die bedrag wat vir doodsversekering en ongeskiktheidsversekering uitbetaal word, is ‘n veelvoud van die PGT. (Indien die PGT te laag is, is die bedrag wat uitbetaal word by dood of ongeskiktheid vir versekering ook laag.)

Die PGT moet dus die bedrag wees waarmee die predikant indien hy nou sou emeriteer behoorlik versorg sal kan word.

Kerkrade behoort minstens jaarliks toe te sien dat daar behoorlik gekyk word na die bedrag wat opgegee word as PGT vir hulle predikant. Die gevolg van veral ‘n te lae PGT op die versorging van predikante wat emeriteer weens ongeskiktheid en dood is dramaties en traumaties. Dit plaas nie net die predikant en sy afhanklikes onder druk nie, maar plaas ook ‘n groot las op die gemeentes en die kerkverband.

4.5 Verlofriglyne

Die reëlings met betrekking tot die verskillende verlof moet duidelik omskryf word in die predikant se beroepsbrief.

4.5.1 Jaarliks: Verlofreëlings verskil van kerk tot kerk. ‘n Goeie riglyn is ten minste 28 dae tot 6 weke per jaar. Omdat predikante gewoonlik 24/7 aan diens is, is dit raadsaam om hom een afnaweek per kwartaal te gee.

4.5.2 Siekteverlof: Soos ooreengekom met Kerkraad (KO, art 14). Wanneer ‘n predikant met siekverlof gaan moet dit genotuleer word sodat wanneer ‘n ongeskiktheidsaansoek gedoen word die nodige siekteverlofdatums deurgegee kan word aan die versekeraars.

4.5.3 Langverlof: Die riglyn is dat 6-10 dae vir elke diensjaar bygevoeg word vir langverlof.

4.5.4 Studieverlof: Vir nagraadse studie word ‘n ooreenkoms tussen die Kerkraad en die predikant aangegaan.

4.6 Behuising

Die predikant het huisvesting nodig. Hy betaal tans belasting as hy in ‘n pastorie woon wat minder is as die belasting wat hy sou betaal as hy in sy eie eiendom sou woon. (Elke Kerkraad behoort kundige advies te kry oor die saak en die syfers te bestudeer oor die verskil in belasting wanneer die predikant in die pastorie bly of in sy eie eiendom, omdat die belastingaanspreeklikheid aansienlik kan verskil – kyk dus wat is die beste in die omstandighede en tree dan daarvolgens op.)

Waar die predikant in ‘n pastorie woon, moet hy voorsiening maak dat hy na emeritering huisvesting sal hê. Hierdie saak verdien die dringende aandag van al die kerke.

Kerke behoort nou reeds finansieel hul predikante in staat te stel om ‘n belegging te maak, sodat vir huisvesting voorsien kan word, by emeritaat. Die aankoop van ‘n eiendom deur die predikant in ’n hoogsverhuurbare omgewing, is ‘n goeie manier om kapitaal op te bou deur verhuring. Die voordeel van die metode is dat daar met ‘n lae aanvangsbelegging begin kan word (Handelinge 1985:526-531).

In geval van die Kerkraad se eiendom behoort die Kerkraad ook behoorlik die plek in stand te hou.

By die berekening van inkomstebelasting op die pastorie behoort kerkrade in ag te neem dat net ‘n deel van die huis vir woondoeleindes gebruik word. ‘n Deel daarvan word vir werksdoeleindes gebruik en is dus nie belasbaar nie. (In sekere gevalle is die owerhede se interpretasie van die saak egter baie streng en word min voordele deur hulle hier vergun.)

Kerkrade moet onthou dat hulle KO, art 13 sal moet nakom. Die kerk waar hy laaste gedien het, moet hom versorg, ook wat huisvesting betref.

4.7 Hoe maak ons binne die GKSA voorsiening vir tentmakerbediening?

In die huidige finansiële krisisklimaat en as gevolg van die afname in die aantal belydende lidmate in baie gemeentes binne die kerke van die GKSA, gebeur dit toenemend dat predikante nie ten volle deur gemeentes onderhou kan word nie. Soms

is kombinasievorming prakties nie moontlik nie; die laaste aantal jare is die sustentasie-aansoeke ook aansienlik hoër as die beskikbare fondse.

Dit lei tot die sogenaamde “tentmakerbediening”. Met “tentmaker”-bediening word bedoel die ampswerk van predikante wat die gawes en roeping besit om die Woord van God te bedien maar, gedeeltelik of geheel en al, hulle lewensonderhoud nié van die gemeente waaraan hulle verbonde is of van die Kerkraad wat oor hulle ampswerk toesig hou, ontvang nie maar uit ander bronne.

Tentmakerbediening is afgelei van Paulus se tentmakerambag in Korinte, volgens Handelinge 18:3 (vgl. ook 1 Kor 9:4-14).

Deurslaggewend-belangrik in hierdie situasie is dat die gemeente in geen enkele opsig mag skade ly nie! Dit mag ook nie toegelaat word waar ‘n predikant daarop uit is om geld te maak nie. ‘n Predikant wat behoorlik versorg word, behoort nie toegelaat te word om ‘n bykomende beroep op deeltydse basis te beoefen nie; ‘n gemeente kan permanente skade ly en die predikant se roeping oplaas ernstig in gedrang kom.

Tydens Sinode 1991 (Handelinge 1991:552-556) is ‘n beskrywingspunt oor tentmakersbediening ter tafel geneem waaraan nie gevolg gegee is nie. Die motivering vir hierdie besluit is dat die saak reeds in die mindere vergadering afgehandel kon word. Die beskrywingspunt gee egter bruiksame riglyne indien tentmakersbediening noodsaaklik blyk te wees.

4.8 Afsterwe van predikant in bediening

Wanneer ‘n predikant te sterwe kom, moet die Kerkraad onverwyld daarvan kennis gee aan die Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds, sodat uitbetaling van die sterftevoordele nie onnodig vertraag word nie. Hierdie kennisgewing moet ook gedoen word ingevalle waar die predikant nog geregtig was op gedeeltelike versorging uit die Emeritaatsversorgingstrust, aangesien die risiko’s in alle gevalle van vroeë onbekwaamheid en afsterwe verseker is deur middel van die groepassuransiepolis.

Om aansoek vir die uitbetaling van die sterftevoordeel te bespoedig word die volgende benodig:

1. Gewaarmerkte afskrif van die doodsertifikaat.
2. Gewaarmerkte afskrif van die predikant se identiteitsdokument.
3. Gewaarmerkte afskrif van die eggenote se identiteitsdokument asook van die afhanklike kinders (waar van toepassing).
4. Gewaarmerkte afskrif van die huweliksertifikaat.
5. Gewaarmerkte afskrif van die betalingstaat [salarisadvies] van die predikant.
6. Oorspronklik gewaarmerkte brief van weduwee se bankbesonderhede.

4.8.1 Begrafnis

By die afsterwe van ‘n predikant (wat nog voltyds in diens is, sal die liefde van Christus na vore kom wanneer die Kerkraad sy familie bystaan met die begrafnis. Hierdie bystand word deur verskillende faktore bepaal. Indien die predikant ‘n begrafnispolis het genoegsaam vir die begrafnisonkoste voorsiening maak, kan die Kerkraad sy familie bystaan met die reëlings vir die begrafnis. Indien die predikant nie sodanige polis het nie, kan die Kerkraad sy familie ook bystaan wat die onkoste betref. Dieselfde benadering kan die Kerkraad volg by die afsterwe van ‘n emerituspredikant (Kerkraad beteken dus die Kerkraad van die gemeente waar die predikant die laaste gedien het en gevolglik geëmeriteer het).

4.8.2 Weduwee – verblyf in pastorie

Volgens Sinode 1997 (Handelinge 1997:247, 7.2) het die weduwee van ‘n predikant vir hoogstens 6 maande die volle reg op die gebruik van die pastorie en/of toelaes soos wat van toepassing was vir huisvesting van die predikant.

4.8.3 Uitbetaling van sterftevoordeel

‘n Enkelbedrag van 2 X jaarlikse PGT (dit behels die bedrag soos wat by die pensioenfonds en ook by die versekeraar opgegee is) word aan die weduwee uitbetaal.

Weduweepensioen: ‘n Lewenslange weduweepensioen van 40% van PGT aan die weduwee betaal.

Kinderpensioen: 10% van PGT word betaal indien daar afhanklike kind(ers) is, tot ‘n maksimum van 4 kinders. Indien daar nie ‘n weduwee is nie maar wel afhanklike kind(ers), word 20% van PGT vir elke kind as kinderpensioen betaal, solank die kinders as afhanklikes geag word.

Die weduwee en kinders word ten volle deur die pensioenfonds versorg. Die goedgekeurde uitkering uit die Emeritaatsfonds (waar van toepassing), verval (Handelinge 1997:260).

4.9 Uitdienstrede van predikante – KO, artt 12, 79, 80

Kennisgewing word van die betrokke predikant se Klassis ontvang. Die regmatige aandeel van die predikant minus belasting word aan hom uitbetaal.

4.10 Emeritering

4.10.1 Kerkorde, art 13

As ‘n bedienaar van die Woord, volgens die oordeel van die Kerkraad met goedkeuring van die Klassis en advies van die deputate van die Streeksinode onbekwaam word vir die uitoefening van sy diens weens ouderdom, siekte of andersins, behou hy die eer en die naam van ‘n bedienaar van die Woord en moet die kerk wat hy gedien het, hom in sy nooddruf eervol versorg.

In 1 Timoteus 5:17 staan: Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral die wat hard werk deur te preek en onderrig te gee...”. Dit gaan nie hier om eerbied (honour) nie, maar om versorging (honorarium). Let daarop dat dit ook dubbele eer (honorarium) is. Prof Floor skryf in **In die Skriflig** Jrg 9, nr 35, p35 die volgende: “*Die klem val op respek en erkenning wat dan gestalte kry in die vorm van lewensonderhoud*.”

Ons sou kon sê dat die Skrif ons beveel dat die wat die Woord bedien daarvoor, eerbiedig word en ooreenkomstig die belangrikheid van die Woord versorg moet word. Hierdie versorging behoort deur dankbaarheid gedra te word en dankbaarheid ken geen grense nie. Die liefde vir die evangelie van Jesus Christus behoort die gelowiges te dring tot dankbaarheid en offervaardigheid. Met “eervolle” versorging wil die Kerkorde dus uitdrukking gee aan die besondere dienswerk van die VDM, dit eervol in stand hou en so die uitbreiding van die kerk en die Koninkryk bevorder. Hierdie versorging moet lewenslank voorsien word.

4.10.1.1 Prosedure vir aansoek om emeritering

1. Die predikant skryf ‘n brief aan die Kerkraad waarin genoem word van sy voorneme om te emeriteer teen …….[datum van emeritering].
2. Die Kerkraad vergader en stel ‘n kommissie aan wat met die predikantsgesin vergader – seker te maak oor finansiële versorging (KO, art 13).

3. Die Kerkraad skryf ‘n brief/kennisgewing na die Klassis waarin genoem word dat die predikant op ..... [datum] gaan emeriteer en dat die kommissie met die predikantsgesin in gesprek getree het.
4. Terselfdertyd word dieselfde brief na die Deputate Emeritaatsversorging [EVT] / Trustees GKSA Predikante Pensioenfonds [PPF] gestuur met kennisgewing van predikant se voorneme om te emeriteer.
5. Die Deputate/Trustees stuur ‘n brief aan Kerkraad en predikant met inligting oor EVT en PPF se bedrae. Hierdie brief dien as verslag aan die Klassis oor genoemde predikant se versorging na emeritering.
6. ‘n Vorm vir aankoop van die predikant se pensioen word ook saamgestuur. Die predikant besluit saam met die Kerkraad oor PPF of een-derde kontant geneem word en 2/3 pensioen aangekoop word of volle bedrag aan pensioen gekoop word.
7. Die Trustees maak gebruik van ‘n makelaar om alle inligting by die versekeraars by mekaar te maak vir die aankoop van die pensioen. Inligting word na die predikant en Kerkraad gestuur vir afhandeling.
8. Die predikant kan ook van sy eie makelaar gebruik maak word om pensioen aan te koop. Die inligting word dan aan die fondsbestuurder deurgegee.
9. Die makelaar moet die nodige vorms [kontrak met aankoop van pensioen] aan die fondsbestuurder stuur sodat die pensioenbedrag aan die versekeraar [nie makelaar] betaal word.
10. NB – Indien een-derde kontant geneem word moet die fondsbestuurder ‘n belastingaanwysing by die Ontvanger van Inkomste aanvra.
11. Indien een-derde kontant geneem word moet die kassier die vorm D voltooi wat die fondsbestuurder aan die predikant/Kerkraad gestuur het .
12. Die Klassis moet ‘n afskrif van die notulebesluit oor die predikant se emeritering aan die Deputate/Trustees stuur.
13. ‘n Emeritusverklaring word aan die predikant/Kerkraad gestuur. Die vorm word voltooi die Sondag wat die predikant sy afskeidspreek lewer. ‘n Afskrif van die emeritusverklaring word na die fondsbestuurder gestuur vir plasing op die emerituspredikant se lêer.

4.10.1.2 Versorging kragtens KO, art 13

4.10.1.2.1 Versorging uit Emeritaatsfonds

Die volgende formule gebruik:

Versorging vir ‘n egpaar: $\frac{\text{Ouderdom op 1/7/1994 min 27*}}{38}$ X Basisbedrag

Vir predikante wat voor ouderdom 27 bevestig is, word ouderdom tydens bevestiging hier gebruik, met die voorbehoud dat 100% van die basisbedrag steeds die maksimum sal wees.

- Enkelpersoon: 70% van formule.
- Afhanklike kind waarvan een of albei ouers nog leef: 10% van formule.
- Afhanklike kind waarvan albei ouers oorlede is: 20% van formule.
- Vir predikante/professore wat vanweë hul diens as predikant/professor tot ander Pensioenfondse bygedra het, bv. Staats- of Universiteitspensioen, word die aantal diensjare waartydens tot sodanige Pensioenfonds bygedra is, afgetrek van die boonste faktor in die breuk by die formule.

Die emeritaatsonderhoud van ‘n predikant/professor neem ‘n aanvang op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waartydens hy geëmeriteer het, en nadat die Kerkraad/Kuratorium behoorlik kennis gegee het aan die Trustees met voorlegging van die nodige stukke.

4.10.1.2.2 Versorging uit GKSA Predikante Pensioenfonds

Die uitbetaling van die regmatige aandeel van die pensioen word met die toestemming van die Kerkraad by ‘n versekeraar aangekoop. Van die bedrag kan die predikant een-derde as ‘n kontantbedrag (minus belasting) geneem word en twee-derdes pensioen aangekoop word of die volle bedrag word gebruik om pensioen aan te koop. ‘n Keuse word gemaak tussen ‘n gesamentlike pensioen wat lewenslank betaalbaar is en by dood, lewenslank aan die weduwee voortgesit word. Daar word ook bepaal watter persentasie van die pensioen na die weduwee moet gaan.

Jaarlikse pensioenverhogings kan ingebou word. As 'n vaste persentasie verhoging verkies word, sal die verhoging nooit minder wees nie as die persentasie wat gekies is. As die opsie gekies word waar die versekeraar die persentasie jaarlikse verhoging bepaal (na gelang van sy beleggingsopbrengs) kan die verhoging jaarliks fluktueer. Dit kan selfs 0% wees.

Die predikant kan ook met die toestemming van die Kerkraad, van sy eie makelaar gebruik maak om sy pensioen uit die GKSA Predikante Pensioenfonds aan te koop. ’n Afskrif van die notulebesluit hieroor moet aan die Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds gestuur word.

4.10.1.3 Wanneer ‘n predikant medies ongeskiktheid raak

Aangesien die eervolle versorging van ‘n emeritus ‘n saak is wat volgens KO, art 13 by die plaaslike kerk waar die predikant laaste gedien het, tuishoort en aangesien dit ook in belang van die emeritus is, sal kerkrade, Klassisse en Streeksinodes soos gewoonlik hierdie saak met groot verantwoordelikheid moet hanteer.

Die risiko om onbekwaam verklaar te word vir die uitoefening van die dienswerk van ‘n bedienaar van die Woord, word nie langer deur die Emeritaatsversorgingstrust of die Pensioenfonds gedra nie, maar wel deur die plaaslike kerk waar hy laaste gedien het met die hulp van die versekeraar.

4.10.1.3.1 Daar is ‘n aantal prosedures by onbekwaamheid weens siekte, KO, art 13 (beroepsongeskiktheid van ‘n predikant). Hierdie prosedures behels die volgende:

1. Die predikant doen op grond van mediese verslae by die plaaslike Kerkraad aansoek om te emeriteer.
2. Die Kerkraad neem die aansoek ter tafel en oordeel of dit ‘n gewigtige saak is.
3. Die Kerkraad kontak die Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds, waarna ‘n aansoekvorm van die versekeraar deurgestuur word. Die Kerkraad voorsien die Trustees van gewaarmerkte afskrifte van alle tersaaklike dokumentasie ter ondersteuning van die eis – ten minste van die huisdokter en 2 spesialiste se verslae asook die hele agtergrond en geskiedenis van die geval (in kronologiese volgorde).
4. Nadat die Trustees hulle van die volledigheid van die eis en tersaaklike dokumente vergewis het, verwys hulle die eis na die versekeraar.
5. Terwyl die versekeraar besig is om die aansoek om mediese ongeskiktheid te oorweeg mag die predikant geen dienswerk doen nie. Hy is met siekverlof.

4.10.1.3.2 Wanneer skriftelike goedkeuring van die eis van die versekeraar ontvang is, (dit geld vir die maandelikse inkomstevoordeel sowel as die enkelbedragvoordeel) gaan die Kerkraad die gewone kerklike weg van Klassis met deputate van die Streeksinode. Kerkrade word daarop gewys dat die maandelikse inkomstevoordeel eerste deur die versekeraar afgehandel word. Die

enkelbedragvoordeel kan tussen 6 tot 18 maande na die uitbetaling van die maandelikse inkomstevoordeel afgehandel word nadat die predikant se siektetoestand deur die versekeraar herevalueer is. Mediese ondersoeke op versoek van die versekeraar word deur die versekeraar self gedra.

4.10.1.3.3 As gevolg van die aanvangsdatum van die maandelikse inkomstevoordeel sal die plaaslike kerk kragtens KO, art 13 verantwoordelik bly vir die eervolle versorging, totdat die voordele 'n aanvang neem.

Die versorging deur die versekeraar vind soos volg plaas:

1. 'n Inkomstevoordeel van 67.5% van PGT (minus 7.5% as lid se bydrae tot die pensioenfonds) word maandeliks aan die lid deur die Administratiewe Buro betaal. Die volgende aftrekkings word benewens die bydrae tot die pensioenfonds ook nog gemaak: inkomstebelasting en volle mediese ledegeld.
2. Verder betaal die versekeraar die bydrae van die Kerkraad (12.5%) aan die pensioenfonds.
3. Die maandelikse inkomstevoordeel word betaal tot die predikant ouderdom 65 bereik of tot met sy afsterwe (wat ookal eerste voorkom).

Waar 'n predikant fondse uit ander bronne genereer (d.w.s. ander werk doen terwyl hy medies ongeskik is) sal die versekeraar navrae hieroor doen en die maandelikse inkomstevoordeel hiervolgens aanpas of ten volle staak. Kerkrade word gewys op die risiko waaraan hulle as Kerkraad hul blootstel (in terme van versekerbaarheid) indien sodanige predikante dienswerk, van watter aard ookal, sou verrig.

Indien 'n predikant voor ouderdom 65 te sterwe kom word 'n lewenslange weduweepensioen van 40% van PGT aan die weduwee betaal. 10% van PGT word as kinderpensioen betaal indien daar afhanklike kind(ers) is, tot 'n maksimum van 4 kinders. Indien daar nie 'n weduwee is nie maar wel afhanklike kind(ers), word 20% van PGT vir elke kind as kinderpensioen betaal, solank die kinders as afhanklikes geag word.

Waar die enkelbedragvoordeel reeds aan die predikant (medies ongeskik) betaal is word daar nie weer 'n enkelbedrag aan die weduwee uitbetaal nie. Indien die lid te sterwe sou kom voordat die enkelbedragvoordeel uitbetaal is, sal dit as 'n sterftevoordeel aan sy begunstigdes betaal word (ooreenkomstig die bepalings van die Pensioenfondswet).

4.10.1.3.4 Waar die aansoek deur die versekeraar <u>afgekeur</u> word, oorweeg die Kerkraad die volgende:

1. Die predikant gaan met die nodige mediese hulp voort om sy dienswerk te doen.
2. Verdere mediese advies word ingewin en die moontlikheid van 'n dispuut word oorweeg in welke geval die Kerkraad deur die Trustees werk.
3. Indien die Kerkraad wel 'n dispuut verklaar kan die uitslag weer eens net goedgekeur of afgekeur word.
4. Indien die eis weer deur die versekeraar afgekeur word en die Kerkraad reeds oorweeg het dat die predikant nie met mediese hulp met sy dienswerk kan voortgaan nie word die saak deur die Kerkraad op die gewone kerklike weg geneem, met die volle wete dat die versorging van die predikant dan ten volle vir die rekening van die Kerkraad kan wees.
5. Die predikant bly dan in diens by die die Kerkraad tot ouderdom 65, bly lid van die pensioenfonds en die Kerkraad betaal die bydrae tot die pensioenfonds. Op 65 ontvang hy sy gewone pensioen en waar van toepassing 'n deel uit die Emeritaatsfonds volgens sy formule.

6. Indien die predikant ouer as 55 jaar is kan die Kerkraad die emeritus versorg deur aan hom sy (vervroegde) pensioenvoordeel uit die pensioenfonds te laat toekom en indien van toepassing hom ook aanbeveel vir die verminderde uitkering uit die Emeritaatsfonds, volgens formule.
7. Die Kerkraad kan ook oorweeg om die emeritus gedeeltelik te versorg en nie die verminderde uitkering uit die Emeritaatsfonds aan te vra nie en daarmee te wag tot ouderdom 65. Dit beteken dat die emeritus volgens formule uitkering vir sy volle verstreke diensjare sal ontvang.
8. Indien 'n predikant jonger as 55 jaar is en hy emeriteer ondanks die feit dat die ongeskiktheidseis finaal afgekeur is, versorg die Kerkraad hom soos volg: hy ontvang sy uittreevoordeel uit die pensioenfonds en hy is nie meer lid van die pensioenfonds nie; hy ontvang op ouderdom 65 jaar versorging volgens die formule uit die Emeritaatsfonds (waar van toepassing).

Indien ongeskiktheid na ouderdom 60 plaasvind, sal die voordeel met een sestigste verminder word vir elke maand na ouderdom 60.

4.10.1.3.5 Beëindiging van versorging (medies ongeskik)

Die versekeraar wat die mediese ongeskiktheidsrisiko dra, kan van tyd tot tyd mediese verslae aanvra oor die voortgesette mediese toestand van die predikant. Indien die versekeraar uit die mediese verslae oortuig is dat die predikant weer geskik is vir sy diens, sal hulle met voorafkennisgewing die uitkering van so 'n voordeel staak.

Indien 'n emeritus weer geskik is vir diens voordat hy die ouderdom 65 bereik het, wend hy hom na die Kerkraad waar hy laaste gedien het en doen aansoek om opheffing van sy emeritaat. Die plaaslike kerk waar hy laaste gedien het, is verantwoordelik vir sy versorging volgens KO, art 13.

Indien die Kerkraad waar hy laaste gedien het van oordeel is dat hy nog steeds onbekwaam is vir diens kan na verdere mediese getuienis 'n dispuut met die Trustees verklaar wat die saak weer na die versekeraar verwys. Die antwoord van die versekeraar kan weer net "Ja" of "Nee" wees.

Sou die Kerkraad waar hy laaste gedien het van oordeel is dat hy bekwaam is om sy diens te hervat besluit die Kerkraad oor twee moontlikhede:
1. dat hulle weer van sy dienste gebruik gaan maak in welke geval hy verder deur die Kerkraad versorg word ingevolge KO, art 11; of
2. dat hulle hom in die kerkverband vir beroeping bekend stel kragtens KO, art 11 (omdat die Kerkraad hom nie saam met hul huidige predikant kan versorg nie). Terwyl die predikant op 'n beroep wag, word hy verder volgens KO, art 11 versorg vir hoogstens 'n tydperk wat deur die Kerkraad en Klassis met advies van die deputate Streeksinode bepaal word.

4.10.1.4 Beskrywingspunt oor versorging van emeriti

Tydens Sinode 2003 (Handelinge 2003:346) word die volgende beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Noordwes ter tafel geneem en gevolg aan gegee: die beskrywingpunt handel oor klassikale ramings vir mediese versekering van emeriti. "Dat alle kerke in elke Klassis by wyse van klassikale ramings die emeriti (ook weens mediese redes), emerituseweduwees en predikante weduwees help om op die hoogste vlak medies te verseker".

Motivering

1. Aandag aan die mediese versorging van emeriti (ook weens mediese redes), emerituseweduwees en predikante weduwees is 'n dringende saak. Mediese en

algemene lewenskoste het die afgelope jare dramaties gestyg en verdere stygings word verwag. Hoër ouderdom gaan, in die algemeen gesproke, gepaard met hoër mediese uitgawes.
2. Die kerkregtelike korrekte, asook die beste haalbare wyse van addisionele mediese versorging is dat die plaaslike kerkrade verantwoordelikheid aanvaar en dat die Klassis dit bestuur.

4.10.1.5 In aansluiting by ‘n beskrywingspunt rakende die versorging van predikante wat volgens KO, art 13 medies ongeskik raak (Handelinge 2003:345-346) en die versorging van emeriti (Handelinge 2003:346), is die eervolle versorging van emeriti indringend met Klassisse aangespreek.

Die volgende voorstelle is aan die hand gedoen:
1. Elke Kerkraad met ‘n emerituspredikant of –afhanklikes rapporteer jaarliks aan die Klassis oor die finansiële welsyn en versorging van die emeriti in die ressort van die Klassis.
2. Om met visitasie navraag te doen of KO, artt 11, 13 en 20 nagekom word.
3. Die Klassis maak voorsiening vir ‘n eie fonds om kerkrade in die versorging van emeriti by te staan.

4.10.2 <u>Verhuising van predikant na emeritering</u>

Wanneer ‘n predikant emeriteer, behoort die Kerkraad volgens KO, art 11 en 20, die predikant en sy eggenote hulp te gee met die verhuising na ‘n nuwe adres. Dit vorm steeds deel van die eervolle versorging in hulle nooddruf.

4.10.3 <u>Kerkorde, art 20</u>

By die afsterwe van ‘n bedienaar van die Woord moet die kerk wat hy gedien het of in die geval van ‘n professor aan die Teologiese Skool, die kerkverband, sy weduwee en afhanklike eervol in hulle nooddruf versorg.

Kennis moet aan die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust gegee word van afsterwe van emerituspredikant, weduwee of afhanklike. Afskrif van gewaarmerkte doodsertifikaat, identiteitsdokument asook nuwe bankbesonderhede moet aan die Trustees verskaf word.

Kyk by 4.10.1.2.1 hierbo vir die versorging van ‘n emerituspredikant, weduwee en/of afhanklikes uit die Emeritaatsfonds (waar van toepassing).

Versorging uit die pensioenfonds (waar van toepassing) word hanteer volgens die poliskontrak van die versekeraar waar die pensioen aangekoop is.

4.10.3.1 <u>Hertrou van ‘n emerituspredikant</u>

As ‘n predikantsweduwee hertrou of haar lidmaatskap van die kerk beëindig (word), is die Kerkraad waar die predikant gedien het verantwoordelik vir die finale besluit van die versorging van die predikantsweduwee. Die Kerkraad stuur ‘n volledig gemotiveerde versoek aan die Trustees wat dan aan die hand van die toeligting met die onderhoud voortgaan (Handelinge 2000:565).